# HOOFSTUK 6

# *DIE INVLOED VAN APARTHEID TOT 1960*

## 6.1 Politieke invloede op die uitbouing van munisipale bestuur

Die uitvaardiging van die Groepsgebiedewet in Maart 1950 het verreikende gevolge vir swartmense in Vereeniging ingehou. Onder andere het dit bepaal dat swartmense in lokasies volgens etniese groepering geplaas moes word. Die raad moes noodgedwonge 'n plan saamstel waarvolgens plasing in Sharpeville aan hierdie vereiste voldoen.[1] As verdere uitvloeisel van die wet het die Mentzkommissie die Vaaldriehoek gedurende 1952 besoek. In hul terugvoering aan die regering was vermeld dat die streek te veel swart woongebiede, omring deur blanke woongebiede, gehuisves het. Die kommissie het die daarstelling van een groot, sentrale woongebied vir swartmense in die Vaaldriehoek aanbeveel. Hieruit kon die (blanke) dorpe van die streek hul arbeidsmag trek.[2]

Na aanleiding van die Mentz-kommissie se bevindings, het die regering 'n volgende verskuiwing van Sharpeville-inwoners bekend gemaak. Die raad was ook ingelig dat verdere uitbreidings van Sharpeville gestaak moes word. Verder was opdrag gegee dat Toplokasie vinniger ontruim moes word. Terwyl baie swartmense in Vereeniging in die verskuiwingsproses vanaf Toplokasie na Sharpeville gewikkel was, is 'n verdere verskuiwing in die vooruitsig gestel.[3] Die verskuiwing vanuit Toplokasie moes afgehandel word om die grondgebied vir blanke residensiële

---

[1] TCV, BA, File 130/25: Notes of the discussion at an interview between representatives of the Council and officials of the Native Affairs Department, 18.11.1954.

[2] *Vereeniging News*, 29.01.1954: Report.

[3] SV, Lêer 130/23-BA, vol. 6: Brief, Minister van Naturellesake - Stadsklerk, 27.04.1957; TCV, File 130/23-BA, vol. 6: Memorandum for the consideration of the Minister of Bantu Administration and Development, n.d.

voorstedelike uitbreidings te benut.[4] Die Departement van Naturellesake het die raad ingelig dat geen goedkeuring vir die proklamering van die voorgenome voorstad, Duncanville, toegestaan sou word alvorens die verskuiwing van swartmense na Sharpeville nie afgehandel is nie.[5]

Planne van die raad om by die stigting van 'n bykomende swart woongebied betrokke te raak, naamlik die Mafube-lokasie verder noord van die dorpsgebied, was hiermee ook in die wiele gery. Die Mentzkommissie het nie die verspreiding van nie-blankes in verskillende woonbuurtes regoor die Vaaldriehoek voorgestaan nie.[6] Die grond waarop die voorgenome Mafube-lokasie tot stand sou kom, was wel in die sestigerjare vir die oprigting van 'n woonbuurt elk vir die hervestiging van kleurlinge en Indiërs benut.[7] Die stadsraad was noodgedwonge aan hierdie besluite onderworpe.

Voorstedelike ontwikkeling tot voordeel van nie-blankes was deur die strukture van apartheid bepaal. 'n Bantoe Behuisingsraad het vanaf 1957 die kwessie van nie-blanke behuising hanteer. 'n Groepsgebiederaad is terselfdertyd gestig. Hierdie twee liggame het riglyne neergelê waarvolgens plaaslike rade lokasies moes uitlê. Tewens, dorpsontwikkeling in sy geheel was aan dié riglyne onderworpe. Totale gebiedskeiding was 'n voorvereiste vir dorpsontwikkeling.[8]

Desentralisasie, as 'n oplossing vir die armoede in die land se nie-blanke reservate, was reeds reeds vanaf 1932 gepropageer.[9] Teen 1946, toe genl. Smuts nog aan bewind was, is geglo dat sodanige beleid onwerkbaar was en dat trekarbeid eerder

---

[4] TA, BAO 6523, File 33/313(T)-21: Letter, Town Clerk - Bantu Affairs Commissioner, 20.08.1959.

[5] TA, BAO 6523, File 33/313(T)-21: Letter, Secretary for Bantu Administration and Development - Chief Bantu Affairs Commissioner, 26.08.1959.

[6] *Vereeniging News*, 29.01.1954: Report.

[7] SV, Lêer 95/15-BA, vol. 4/2: Verslag van die Stadstesourier oor die leningsbevoegdhede vir grond op Damfontein en Smaldeel, 22.07.1968.

[8] T.B. Floyd, *Town planning in South Africa*, pp. 43-45.

[9] TA, SRP 6/233, Union of South Africa, Department of Native Affairs, *Report of the Native Economic Commission, 1930-1932*, UG 22/1932, pp. 47-48.

'n nasionale probleem was wat aangespreek moes word.[10] Ná die 1948-verkiesing het die Nasionale Party die toepassing van desentralisasie as oplossing vir die land se rasse-aangeleenthede beskou.

Desentralisasie was 'n beleid wat vele fasette in die Suid-Afrikaanse konteks aangeneem het. Dit het die ekonomiese bestel benut om 'n bepaalde politieke doelstelling te bereik. Die desentralisasiebeleid was nie as sodanig radikaal nie. Dit was eerder 'n voortsetting van die proses van segregasie, wat lank reeds kenmerkend van Suid-Afrika was. Dit was veral die regering se opinie dat sekondêre nywerhede op die grensgedeeltes, tussen 'blank' Suid-Afrika en die 'swart' tuislande, opgerig moes word.[11]

Teen 1955 het desentralisasie 'n integrale deel van apartheid geword. Die Tomlinson Kommissie het aanbeveel dat die implementering van desentralisasie bespoedig word. Ter verduideliking het die kommissie aangevoer dat die blanke beskawing net kon oorleef indien gebiedskeiding, met inbegrip van 'n ekonomiese opheffingsplan in of naby aan die reservate, toegepas sou word. Die vraag het ontstaan of dit die beste sou wees om desentralisasie binne die tuislande of eerder op die grensgebiede, maar dan binne die Unie, van stapel te stuur.[12]

Indien nywerhede op die grensgebiede of binne die tuislande tot stand kon kom, sou dit verhoed dat swart mans na die (blanke) dorpe en stede kom om te werk. Hierteenoor het dit duidelik geblyk dat, indien desentralisasie suksesvol was, dit weer 'n behuisingsnood in die tuislande sou skep. Desentralisasie moes dus met ekonomiese groei gepaard gaan.[13] Die doelstellings van die beleid moes daarom ook

---

[10] TA, SRP 6/360, Union of South Africa, *Social and Economic Planning Council Report no.9: The Native reserves and their place in the economy of the Union of South Africa*, UG 32/1946, pp. 58-59.

[11] R.T. Bell, Government policy and industrial location in South Africa (unp. D.Com. thesis, University of Rhodes, 1968), pp. 1-4, 7-8.

[12] TA, SRP 6/476, Union of South Africa, *Summary of the report of the Socio-Economic development of the Bantu areas within the Union of South Africa {Tomlinson Report}*, UG 61/1955, pp. 104, 140-143.

[13] TA, SRP 6/360, Union of South Africa, *Social and Economic Planning Council Report no.9...*, UG 32/1946, pp. 41-48.

eerder ekonomies van aard wees. Dit was in die vooruitsig gestel dat desentralisasie 'n invloed op nywerheidsontwikkeling in Vereeniging sou uitoefen.[14]

Behalwe vir die feit dat die landsbeleid industriële vooruitgang in Vereeniging gekortwiek het, het onrus oor die politieke situasie ook 'n bepaalde uitwerking op die produktiwiteit van swart arbeiders in die nywerheidsektor gehad. Etniese onrus onder swart werkers, in hostelle en op die werksplek, het weens verstedeliking toegeneem.[15] Hierdie faktore en beleidsaspekte het landswye politieke onrus, opstande en onluste tot gevolg gehad. Dit het wydverspreid aandag op die landsbeleid gevestig. Ontevredenheid met die politieke bestel was sodoende uitgedruk.[16]

Vereeniging het as gevolg daarvan een van die land se fokuspunte geword. Leiers onder die swart gemeenskap, wat die stelsel openlik bevraagteken het, was uit die lokasies in Vereeniging verwyder. Politieke aktiwiteite in Sharpeville was streng verbode. Inwoners was meer as ooit daarvan oortuig dat die stadsraad eens met die regeringsbeleid was. Hulle het tot die gevolgtrekking gekom dat dit die raad se voorneme was om Vereeniging 'n modeldorp volgens die apartheidsbeleid te maak.[17]

Die stadsraad het reeds in 1951 aan die regering verduidelik dat addisionele fondse nodig was om Sharpeville verder te ontwikkel. Om hierdie rede is versoek dat die regering Sharpeville tot 'n sogenaamde *"Black Spot"* moes verklaar, waarna die raad vir bykomende fondse sou kwalifiseer.[18] Hierdie fondse kon die raad in staat

---

[14] Mathey & Greeff {stads- en streeksbeplanners}, Vereeniging struktuurplan..., p. 11; M.F. Drake, The iron and steel, metal and engineering industry..., pp. 134, 204.

[15] F. Hanekom (ed.), *Decentralization towards 2000 - a perspective on the Good Hope plan for the promotion of industrial development as an element of a co-ordinated regional development strategy for South Africa: an edited proceeding of a simposium at the University of South Africa, Pretoria, 17.08.1982*, p. 43.

[16] Vgl. N.R. Mandela, *Long walk to freedom*, pp. 109 et sqq.

[17] S.B. Taaso, Mondelingse oorlewering tydens *'Sharpeville oral workshop'*, Vaal Teknorama, Vereeniging, 20.02.1999 {Inligting in besit van skrywer}; V. Leutso, Mondelingse oorlewering tydens *'Sharpeville oral workshop'*, Vaal Teknorama, Vereeniging, 20.02.1999 {Inligting in besit van skrywer}.

[18] TCV, File 94/7/4, vol. 13, Dec. 1949 - May 1965: Minutes, meeting of the Sale of Land, Industrial Development and Housing Committee, 15.05.1951.

stel om die lewensomstandighede van swartmense te verbeter. Daar het nietemin opstande in Sharpeville uitgebreek. Volgens sommige inwoners was die opstande nie net teen die politieke bestel in die land gemik nie. Dit het ook aan hul opgehoopte frustrasies, oor die afwesigheid van gelykwaardige geriewe en dienste, uiting gegee. Die uitgerekte verskuiwingsproses, wat volgens hulle op onmenslike wyse hanteer was, het ook tot hul oproerigheid bygedra.[19]

Probleme in Sharpeville het reeds in 1937, sowat vyf jaar voordat die lokasie behoorlik geproklameer was, in die vorm van 'n opstand uitgebreek. Die rede was die onregverdige arrestasie van 'n inwoner.[20] Onderliggend is die stadsraad se optrede as hoofrede vir die opstand gesien. Teen 1957 het die raad geweier om industrieë verder toe te laat om kampongs vir hul werkers op te rig. Weens die logistieke probleme wat met die verskuiwingsproses ervaar is, het die getal werkers in die kampongs intussen verdriedubbel. Die raad was van voorneme om die toevloei van swart arbeid te beperk en te reguleer. Dit het verhoudinge tussen die raad en die nywerhede versuur. Verder het die raad se maatreëls swartmense aan vestiging in Sharpeville en die probleme daaromtrent onderwerp. Die stadsraad se doelbewuste pogings om Sharpeville van onwelkome inwoners te suiwer, het verhoudinge verder belemmer. As gevolg van al hierdie faktore het Sharpeville 'n kookpot van politieke onrus geword.[21]

Die stadsraad het geld aangewend om 'n biersaal in Sharpeville op te rig. Hierdie fasiliteit het groot konflik meegebring. Die stadsraad het die biersaal as munisipale inkomstebron opgerig. Baie konflik het in die biersaal ontstaan, tussen inwoners en die fabriekswerkers uit die kampongs. Almal het aanspraak gemaak op gebruiksreg van die biersaal. Aangesien die brou van tuisgemaakte bier verbode was, het inwoners noodgedwonge die biersaal benut.[22]

---

[19] V. Leutso, Mondelingse oorlewering tydens *'Sharpeville oral workshop'*, Vaal Teknorama, Vereeniging, 20.02.1999 {Inligting in besit van skrywer}.

[20] TA, TPB 2051, TA 16408: Report, Vereeniging Municipality Location Riots Commission, 1937.

[21] T.S. Plaatjie, Retelling the heroic history of Sharpeville..., pp. 2-3.

[22] V. Leutso, Mondelingse oorlewering tydens *'Sharpeville oral workshop'*, Vaal Teknorama, Vereeniging, 20.02.1999 {Inligting in besit van skrywer}.

Die biersaal, wat volgens die raad 'n baie goeie projek was, is nie met dieselfde entoesiasme deur alle inwoners begroet nie. Winste uit die verkoop van bier was gebruik om geriewe in die lokasie te verbeter. Voedsel, komberse, bejaarde- en armsorg, welsyndienste, sportgeriewe en selfs behuising was met bierwinste onderneem. Hierteenoor het die Sharpeville-inwoners gekla dat daar 'n biersaal was terwyl 'n behoorlike sekondêre skool nog ontbreek het.[23]

Die tekort aan onderwysgeriewe en skole het voortgesleep.[24] Huise was in skole omskep. Een van die huise was ook as 'n biblioteek ingerig en ander in winkels. Inwoners was aan grootskaalse werkloosheid onderworpe. Instromingsbeheer het jong werkers verhoed om betrekkings by die Witwatersrandse goudmyne te vind. Werklose inwoners, wat meestal in Toplokasie woonagtig was, is na die sogenaamde tuislande teruggestuur. Dit het vrees, angs en bitterheid onder die inwoners van Sharpeville laat toeneem. Hulle het toenemend vir opruiende propaganda ontvanklik geword.[25]

'n Gebrek aan geldelike steun van regeringskant het die voorsiening van behuising aan swartmense bemoeilik.[26] Daar was weinig begrip vir die raad se interne probleme. Konflik tussen die inwoners van Sharpeville en die stadsraad het daarna toegeneem. Terwyl die raad byvoorbeeld van mening was dat die ouers daarvoor te blameer was dat baie skoolgaande kinders nie op die skoolbanke gesit het nie, was ouers van mening dat dit weens 'n gebrek aan ordentlike geriewe was.[27] Gedurende 1953 was baie mense se woonregte boonop, sonder grondige redes, opgehef.[28]

---

[23] TCV, File 131/6-BA, vol. 1: Minutes, Ordinary monthly meeting of the Top Location Advisory Board, 28.01.1953.

[24] *Rand Daily Mail*, 04.02.1963: Report.

[25] C. Saunders (ed.), *Illustrated history of South Africa: the real story*, 3rd ed., pp. 398-399.

[26] SV, Lêer 94/7/4, vol. 13, Dec. 1949 - May 1965: Brief, Stadsklerk - Provinsiale Sekretaris, 04.07.1950.

[27] TCV, File 130/12-BA, vol. 5: Minutes, Sharpe Native Township Advisory Board meeting, 18.02.1949.

[28] V. Leutso, Mondelingse oorlewering tydens *'Sharpeville oral workshop'*, Vaal Teknorama, Vereeniging, 20.02.1999 {Inligting in besit van skrywer}.

Gedurende Oktober 1954 was sowat 1 600 gesinne vanaf Toplokasie na Sharpeville verskuif.[29] Dit het gevolg op 'n besluit waarvolgens die raad die oprigting van 1 379 wooneenhede in Sharpeville onderneem het. Dit was met 'n lening van die Nasionale Behuisings- en Beplanningskommissie moontlik gemaak.[30] Teen Januarie 1955 was daar egter verneem dat hierdie projek skielik afgekeur was aangesien dit strydig met die besluite van die Mentzkommissie was.[31] Dit het gesinne, wat verskuif moes word, erg ontnugter.

Burgemeester J.H. van Eeden het die verknorsing van sy raad voor die deur van die Minister van Naturellesake, dr. H.F. Verwoerd, gelê. Eersgenoemde het beweer dat die aankondiging die voorsiening van huise aan swartmense met sowat vier jaar teruggeskuif het. Hy het sy aantygings op die feit gebaseer dat twee voornemende nyweraars hul planne, om industrieë in Vereeniging op te rig, teruggetrek het. Die nyweraars was ongelukkig omdat hul planne, om werkers in kampongs op die nywerheidsperseel te vestig, nie goedgekeur was nie.[32] Die raad was aan die landsbeleid onderhewig. Dit het negatiewe implikasies vir die ontwikkeling van Vereeniging voorspel.

---

[29] *Rand Daily Mail*, 05.10.1954: Report.

[30] *Rand Daily Mail*, 03.09.1954: Report.

[31] *Rand Daily Mail*, 06.01.1955: Report.

[32] *Rand Daily Mail*, 18.02.1955: Report.

Op 21 Maart 1960 was Vereeniging in die brandpunt van politieke onrus geplaas. Volgens koerantberigte is aanvanklik gemeen dat sowat 80 inwoners in 'n skermutselling tussen duisende opstandige inwoners en die polisie te Sharpeville gedood is.[33] Later is bepaal dat 69 mense hul lewens verloor het. Die regering het enkele dae later, in 'n poging om die opstande te bekamp wat vinnig versprei het, 'n landwye noodtoestand afgekondig.[34] Die sakesektor in Vereeniging het ook die gevolge van die konflik ervaar. Onder andere het die motorhandelaar *Clows* wat sy deure net drie weke vóór die Sharpeville-insident in Vereeniging geopen het, sowat ses maande benodig om weer aan die gang te kom.[35]

## 6.2 **Voorstedelike ontwikkeling tot voordeel van blankes**

Gedurende Desember 1951 het die raad sy seshonderdste vergadering sedert die totstandkoming van die Gesondheidsraad gehou. Die raad het teruggekyk op 'n tydperk waarin hulle vele struikelblokke oorkom het. Verder was dit daarvoor medeverantwoordelik dat Vereeniging in die bestek van 'n halfeeu aansienlik uitgebrei het. In 1952 het die raad 'n halfeeu van plaaslike bestuur gevier.[36]

Voorstedelike ontwikkeling in Vereeniging oor die tydperk vanaf die Nasionale Party se bewindsoorname tot en met 1960, was daardeur gekenmerk dat dit uitsluitlik tot voordeel van die blanke bevolking was. Raadslid H.W. Kruger, wat die amptelike waardeerder van eiendomme was, het in 1956 berig dat Vereeniging gedurende die drie voorafgaande jare die grootste uitbreidings ooit ervaar het. Volgens persberigte was die groei van USKO beduidend.[37] Weliswaar was dit 'n era van ontwikkeling wat rondom blankes gesentreer het,

---


[33] *The Star*, 21.03.1960: Editorial.

[34] N.R. Mandela, *Long walk to freedom*, p. 282.

[35] R.L. Leigh, *Vereeniging - South Africa...*, p. 270.

[36] *Sunday Times*, 31.12.1951: Report.

[37] *Rand Daily Mail*, 07.05.1956: Report; vgl. tabelle 4.1 en 4.2.




**KAART 6.1:**

**Homer, noord van Sharpeville en afgesonder deur omliggende landboukleinhoewes.**

Bron: SV, Straatkaart van Vereeniging, 1987.

desondanks die feit dat bevolkingsgetalle aangetoon het dat swartmense by *verre in* die meerderheid was.[38]

Meer kleinhoewes was tussen 1948 en 1960 tot die beskikking van blankes gestel. Die volgende kleinhoewegebiede het oor die gemelde tydperk tot stand gekom: Houtkop (1950), Waterdal (1950), Harmoniesrus (1952), Ebenhaezerpark (1955), Glendonald (1956) en Dreamlands (1957). Groter stukke grond was ook beskikbaar gestel. Vir hierdie doel was McKay- (1952), Klipplaatdrift- (1953), Risi- (1956) en Vaalkop-kleinplasies (1958) geproklameer. Landbougerigte voorstedelike ontwikkeling het in 'n breë gordel aan die randgedeeltes van die munisipale gebied voorgekom, vanaf die noord-ooste na die noordweste.[39]

Homer, wat feitlik deur die kleinhoewes van Roodstuine omring was, het as 'n residensiële voorstad op gedeelte 27 van die plaas Houtkop ontstaan. Hierdie klein, roosterbeplande voorstad was sodoende van ander residensiële gebiede geïsoleer, soos aangedui op kaart 6.1. Die woongebied was in 174 standplase verdeel en was as sodanig in 1949 geproklameer. Die 38 morg (33 ha) waarop die voorstad opgerig is, was in 1948 vir voorstedelike ontwikkeling aangekoop.[40]

Drie Riviere Uitbreiding 2 het die bestaande 1 278 woonerwe van die voorstad met 'n verdere 972 standplase vergroot.[41] Die voorstad was teen die sewentigerjare steeds as die mees gesogte voorstad van Vereeniging gereken. Dit was by die sameloop van riviere geleë wat nie net estetles tot die omgewing bygedra het nie, maar ook hoër eiendomswaarde aan inwoners verseker het.

---

[38] Vgl. tabel 3.1.

[39] J.P.D. Strauss, 'n Geografiese ondersoek na die kleinhoewes..., p. 65; vgl. kaart 5.1.


[40] SV, Lêer 171/5, vol. 6, Aug. 1979 - Feb. 1988: Opgawe van wooneenhede en beraamde bevolkingsgetalle soos op 1 Jan. 1987, plaaslike owerheidsgebied Vereeniging, s.a.; AKT, Registrasieafdeling IQ, band 96, plaasnommers 592-594, Folio 594/27/1: Houtkop eienaarsregister; SV, Straatkaart van Vereeniging, 1987 {snit gebruik vir kaart 6.1, p. 158-keersy}.

[41] SV, Lêer 171/5, vol. 6, Aug. 1979 - Feb. 1988: Opgawe van wooneenhede en beraamde bevolkingsgetalle soos op 1 Jan. 1987, plaaslike owerheidsgebied Vereeniging, s.a.; vgl. kaart 6.1.

**KAART 6.2:**

**Steelpark, op die munisipale grenslyn met Vanderbijlpark, noordwes en afgesonder van die dorpsgebied geleë.**

Bron: SV, Straatkaart van Vereeniging, 1987.



Hoë herverkooppryse was derhalwe in hierdie voorstad vir erwe en eiendomme betaal.[42] Dit was die aanvanklike plan van die stadsraad om goedkoop behuisingsprojekte in Drie Riviere se uitbreidings van stapel te stuur. *Vereeniging Estates* het in 1953 geweier om grond in dié omgewing aan die raad onder sulke voorwendsels te verkoop.[43] Vir Uitbreiding 2 het die raad reeds in 1951 gedeelte 81 van die plaas Klipplaatdrift aangekoop.[44]

Verder wes van Homer en aangrensend tot Roodstuine, was Steelpark in 1951 as 'n bykomende blanke residensiële voorstad geproklameer. Gedeeltes 122 en 125 van die plaas Houtkop, elk onderskeidelik 104,5 morg (89,5 ha) en 94 morg (80,5 ha) groot, is vir die stigting van dié voorstad aangeskaf. Die ligging van Steelpark was van so 'n aard dat dit baie sentraal vir persone was wat in Vanderbijlpark en veral by YSKOR gewerk het. Dié staalreus het finansiering vir die oprigting van huise in Steelpark onderneem, tot voordeel van blanke werknemers.[45] Behalwe vir die nabygeleë kleinhoewes, was Steelpark 'n baie geïsoleerde voorstad, soos uitgebeeld in kaart 6.2. Dit verklaar waarskynlik waarom 79 van die 408 woonerwe teen 1987 nog onbenut was.[46]

Die totstandkoming van YSKOR het bykomende druk op *Vereeniging Estates* geplaas om ook industriële voorstedelike uitbreiding te bewerkstellig. Dit was toegeskryf aan die ondersteunende rol wat industrieë tot die groot yster- en staalvervaardiger kon vervul.[47] Net soos met die totstandkoming en ligging van

---

[42] Anon., "Vereeniging - primed for progress", ..., pp. 262-263.

[43] TCV, File 94/17/13, vol. 1, Jan.1953 - May 1965: Minutes, Public Works and Social Welfare Committee, 09.01.1953.

[44] AKT, Registrasieafdeling IQ, band 98, plaasnommers 600-621, Folio 601/81/1: Klipplaatdrift eienaarsregister.

[45] AKT, Registrasieafdeling IQ, band 96, plaasnommers 592-594, Folio's 594/122/1, 594/125/1: Houtkop eienaarsregister; W. Scutts, Onderhoud, 03.01.1991 {Inwoner van Steelpark vir meer as 20 jaar, inligting in besit van skrywer}; SV, Straatkaart van Vereeniging, 1987 {snit gebruik vir kaart 6.2, p. 159-keersy}.

[46] Vgl. SV, Lêer 171/5, vol. 6, Aug. 1979 - Feb. 1988: Opgawe van wooneenhede en beraamde bevolkingsgetalle soos op 1 Jan. 1987, plaaslike owerheidsgebied Vereeniging, s.a.

[47] SAB, BVE 191, File 22/3, vol. 1: Report of the Directors {Vereeniging Estates}, Submitted at the 46th annual meeting of stockholders, 19.04.1945.

Steelpark, het die verdere uitbreiding van Powerville indirekte voordele vir YSKOR *ingehou*.

Volgens 'n berig in die ***Sunday Times*** (1952), het industrialisasie in Vereeniging steeds toegeneem.[48] Dit het die uitbreiding van Powerville genoodsaak. Nog 24 kleiner industriële standplase is in 1952 beskikbaar gestel. Okkupasie in Powerville het egter nie teen 'n vinnige tempo geskied nie. Dit het eers ná 1960 toegeneem.[49] Hierdie tendens vergelyk weer eens goed met die landwye situasie.[50] Teen 1984 was net een industriële standplaas in Powerville onbeset.[51] Hieruit blyk dit dat dit 'n tydige stap was om Powerville in 1952 uit te brei, nieteenstaande die feit dat okkupasie nie dadelik geskied het nie.

Afgevaardigdes van die raad en ***Vereeniging Estates*** het reeds op 25 April 1945 ooreengekom dat 'n grondgedeelte noord van die dorpsgebied aan die raad verkoop sou word. Daar was vanuit die staanspoor na die gebied as Duncanville verwys. Toplokasie was deel van dié grondgedeelte. Die prys waarteen ***Vereeniging Estates*** bereid was om die grondgedeeltes van die hand te sit, was buite die vermoë van die raad. Die raad het 'n teenaanbod van £6 000 op die £7 500 van die grondeienaars gemaak. Hul teenaanbod was op 15 Mei 1945 aanvaar. Dit was belangrik dat oordrag van eiendomsreg spoedig afgehandel sou word. Die raad was dringend op soek na grond vir die oprigting van sub-ekonomiese behuising aan blankes.[52] Dit was veral terugkerende soldate wat in hierdie tipe behuising belang gestel het.[53]

---

[48] *Sunday Times*, 18.01.1952: Report.

[49] M.C. van der Merwe, Vereeniging - industrial giant..., pp. 51-52; vgl. kaarte 5.4 en 6.3.

[50] Vgl. R.T. Bell, Government policy and industrial location..., pp. 68-69.

[51] SV, Lêer 171/5, vol. 6, Aug. 1979 - Feb. 1988: Nywerheidsgebiede van plaaslike owerheid Vereeniging, 1984, s.a. {Opgawe}, Powerville, p. 3.


[52] TCV, File 94/6, vol. 1, Sept. 1942 - Oct. 1947: Extract from the agenda of the Finance and General Purposes Committee, 23.05.1945.

[53] TCV, File 94/6, vol. 1, Sept. 1942 - Oct. 1947: Letter, Town Clerk - Chairperson, Springbok Legion, 19.06.1945.

**KAART 6.3:**

**Duncanville, aangrensend tot die dorpsgebied en aangelê vir beide residensiële en industriële benutting.**

Bron: Anon., "Vereeniging - primed for progress", ..., p. 236 {geredigeerde kaart}.



Gedeelte 70, van die plaas Leeuwkuil, en gedeelte 78, van die plaas *Klipplaat*drift, is ook vir die stigting van die voorstad Duncanville aangekoop. Die aangekoopte gebied het 846,5 morg (725 ha) beslaan en het saam met die eertydse dorpsgronde genoeg ruimte vir voorstedelike uitbreiding gebied. Duncanville was vir beide industriële sowel as residensiële vestiging oorweeg, soos uitgebeeld op kaart 6.3. Die voorgenome voorstad was as 'n model industriële voorstad bemark. Nywerheidspersele, wat in grootte van 'n half tot 45 akker (tussen 0,2 en 18 ha) gewissel het, is beskikbaar gestel. Bykomend hiertoe was residensiële erwe ook beskikbaar gestel. Standplaaspryse het tussen £550 en £700 gewissel.[54] Die behuisingsnood sou ten dele deur die totstandkoming van Duncanville aangespreek word.

Dit was die opinie van die raad dat laekoste behuising in Unitaspark onderneem word en dat beter tipe huise, soos deur die Nasionale Behuisingskema verskaf, in Duncanville opgerig word.[55] Etlike probleme was met die stelsel ondervind. Boonop het die vraag na meer industriële grond steeds op die voorgrond gebly.

Vroeg in die vyftigerjare het die raad besluit om nie langer toe te laat dat die beskikbaarstelling van grondgedeeltes teruggehou word net omdat die Nasionale Behuisings- en Beplanningskommissie nie die nodige fondse beskikbaar stel nie. Daar was verder besluit dat die raad eerder die kommissie een stap voor moet wees en derhalwe geproklameerde gebiede vir die oprigting van huise gereed moes hê sodra geld deur laasgenoemde beskikbaar gestel word. Verder was daar ook besluit dat alle moontlike fondse vir die oprigting van huise in Duncanville gebruik moes word.[56]

---

54 AKT, Registrasieafdeling IQ, band 97, plaasnommers 595-599, Folio 596/1: Leeuwkuil eienaarsregister; Anon., "Vereeniging and Vanderbijl Park, amazing industrial progress...", ..., p.305; Anon., "Vereeniging - primed for progress", ..., p. 236 {geredigeerde kaart 6.3, p. 161-keersy}.


55 TCV, File 94/6, vol. 1, Sept. 1942 - Oct. 1947: Extract from the agenda of the Finance and General Purposes Committee, 22.04.1947.

56 TCV, File 94/7/4, vol. 13, Dec. 1949 - May 1965: Extract from the agenda of the Sale of Land, Industrial and Housing Committee, 15.05.1951; *Sunday Times*, 06.10.1950: Report.

**KAART 6.4:**

**Dickinsonville, wes en verwyder van die dorpsgebied, met Risiville, noord-oos van die dorpsgebied.**

Vereeniging Publisiteitskomitee, Kaart van Vereeniging, 1985.



Duncanville, met 457 erwe aangrensend en noord van die dorpsgebied, is op 19 *Maart* 1952 geproklameer.[57] Net soos dit die verskynsel met ander voorstede was, het die ontwikkeling van Duncanville aanvanklik stadig verloop.[58] Teen 1984 was 104 van die 109 industriële erwe beset. Dit kan daaraan toegeskryf word dat munisipale dienste soos riolering eers teen 1962 beskikbaar was.[59] Groot ingenieursfirmas soos ***Babcocks & Wilcocks*** het etlike standplase in Duncanville aangekoop.[60] ***Plastic Protection (Pty.) Ltd*** het dit ook gunstig gevind om hulle in Duncanville te vestig.[61]

'n Bykomende nywerheidsvoorstad was in Augustus 1953 geproklameer, tussen Roodstuine en Sharpeville en aangrensend tot laasgenoemde.[62] Dickinsonville was na die voormalige raadslid James Dickinson vernoem. Dickinson was 'n raadslid wat altesaam sewe ampstermyne as burgemeester tussen 1924 en 1944 beklee het. Hy was vantevore ook die regsadviseur van die stadsraad.[63] Hierdie industriële voorstad was 'n aansienlike afstand buite die dorpsgebied en was nie van 'n spoorverbinding voorsien nie. Dit was waarskynlik as gevolg daarvan dat daar teen 1984 steeds 22 onbenutte standplase beskikbaar was. Die voorstad was op gedeelte 131 van die plaas Houtkop aangelê. Dié gedeelte het 28,9 morg (25 ha) beslaan en was in 74 erwe verdeel en word op kaart 6.4 uitgebeeld.[64]

---

[57] SV, Lêer 171/5, vol. 6, Aug. 1979 - Feb. 1988: Opgawe van wooneenhede en beraamde bevolkingsgetalle soos op 1 Jan. 1987, plaaslike owerheidsgebied Vereeniging, s.a.; R.L. Leigh, *Vereeniging - South Africa...*, p. 92.

[58] M.C. van der Merwe, Vereeniging - industrial giant..., p. 55.

[59] SV, Lêer 171/5, vol. 6, Aug. 1979 - Feb. 1988: Nywerheidsgebiede van plaaslike owerheid Vereeniging, 1984, s.a. {Opgawe}, Duncanville, p. 2.


[60] M.C. van der Merwe, Vereeniging - industrial giant..., p. 55.

[61] *Rand Daily Mail*, 28.08.1959: Report.

[62] Vgl. tabel 5.1 en kaart 5.1.

[63] R.L. Leigh, *Vereeniging - South Africa...*, p. 74.

[64] AKT, Registrasieafdeling IQ, band 96, plaasnommers 592-594, Folio 594/131/1: Houtkop eienaarsregister; SV, Lêer 171/5, vol. 6, Aug. 1979 - Feb. 1988: Nywerheidsgebiede van plaaslike owerheid Vereeniging, 1984, s.a. {Opgawe}, Dickinsonville, p. 3; Vereeniging Publisiteitskomitee, Kaart van Vereeniging, 1985 {Dickonsonville en Risiville aangedui op kaart 6.4, p. 162-keersy}.




**KAART 6.5:**

**Arconpark, noord van en aangrensend tot Duncanville.**

Bron: SV, Straatkaart van Vereeniging, 1987.

Gedeelte 11 van die plaas Waldrift was onder andere aangewend om die voorstad Risiville tot stand te bring. Risiville was aangrensend en noord van Drie Riviere geleë, soos aangedui op kaart 6.4. Dit was 'n residensiële voorstad, noord-oos van die dorpsgebied, wat in 1956 geproklameer was. Die woongebied was aan drie kante deur kleinhoewegebiede omring en was aangrensend tot die westelike oewergedeelte van die Kliprivier. Die 808 erwe was later almal beset.[65] Risiville was as een van Vereeniging se middelklas woonbuurte beskou.[66]

Mynbedrywighede is in 1953 by die Springfield-steenkoolmyn, noordwes van Risiville, gestaak. Dit het bykomende grond vir verdere voorstedelike ontwikkeling beskikbaar gestel. Gedeelte 20 van die plaas Waldrift was gebruik om Arconpark te stig. Hierdie sentraal geleë voorstad was in 1956 geproklameer. Dit het 'n woongebied vir die meer gegoede, hoër inkomstegroep- en middelklasmense geword. Woonerwe was boonop teen baie billike pryse verkoop wat dit uiteraard aanloklik gemaak het om in die voorstad te vestig.[67]

---

[65] AKT, Registrasieafdeling IQ, band 97, plaasnommers 595-599, Folio 599/11/1: Waldrift: eienaarsregister; SV, Lêer 171/5, vol. 6, Aug. 1979 - Feb. 1988: Opgawe van wooneenhede en beraamde bevolkingsgetalle soos op 1 Jan. 1987, plaaslike owerheidsgebied Vereeniging, s.a.; vgl. kaarte 6.3 en 6.4.

[66] L.C.M. Willemse, Onderhoud, 10.09.1986 {Inwoner van Vereeniging vir meer as 25 jaar, inligting in besit van skrywer}.

[67] AKT, Registrasieafdeling IQ, band 97, plaasnommers 595-599, Folio 599/20/1: Waldrift eienaarsregister; P.J. Rossouw & H.N. Visser (reds.), ...*die steenkoolveld Vereeniging-Clydesdale*..., p. 18; vgl. kaart 6.3.




**KAART 6.6:**

**Vereeniging Uitbreiding 2, suid van die dorpsgebied, met Leeuhof, noord-wes en aangrensend tot die dorp.**

Bron: SV, Straatkaart van Vereeniging, 1987.

Banke en bouverenigings het nie lenings aan voornemende vestigers in 'n woonbuurt verskaf alvorens grond nie reeds as sodanig geproklameer was nie.[68] Dit het voornemende kopers egter vrygestaan om erwe te reserveer. Meer as 300 erwe, van die voorgestelde woonbuurt Arconpark, was toegeken binne 24 uur nadat dit aanvanklik bekendgestel was.[69] Die 316 standplase van hierdie populêre voorstad, aangetoon op kaart 6.5, was later almal benut.[70]

Nog 152 woonerwe was, met die proklamering van Vereeniging Uitbreiding 2 in Oktober 1957, tot die dorpsgebied toegevoeg.[71] Hierdie residensiële woongebied vir blankes was driehoekvormig en aangrensend tot die sentrale dorpsgebied se mees suidelike strate.[72] Etlike woonstelblokke het hier verrys. Klein ondernemings het ook verkies om sake vanuit hierdie buurt te bedryf. Die woongebied was goed geleë op die roete na Vanderbijlpark en was tussen Powerville en die nywerhede op die oostelike randgedeeltes van die dorpsgebied aangelê, soos aangetoon in kaart 6.6.[73]

Tydens 'n vergadering van die Dorpsbeplanningskomitee op 9 Desember 1947, was besluit dat 'n blanke residensiële woongebied op 'n gedeelte van die plaas Leeuwkuil gestig moes word. Dit was die bedoeling dat huise volgens die riglyne van die Nasionale Behuisings- en Beplanningskommissie aldaar opgerig word. Daar was ook besluit dat die voorstad Leeuhof genoem moes word. Verskillende diername, aangetoon op kaart 6.6, was as straatname oorweeg en toegeken.[74]

---

[68] *Sunday Times*, 06.10.1950: Report.

[69] *Rand Daily Mail*, 17.01.1955: Report.

[70] SV, Lêer 171/5, vol. 6, Aug. 1979 - Feb. 1988: Opgawe van wooneenhede en beraamde bevolkingsgetalle soos op 1 Jan. 1987, plaaslike owerheidsgebied Vereeniging, s.a.; SV, Straatkaart van Vereeniging, 1987 {snit gebruik vir kaart 6.5, p. 163-keersy}.

[71] SV, Lêer 171/5, vol. 6, Aug. 1979 - Feb. 1988: Opgawe van wooneenhede en beraamde bevolkingsgetalle soos op 1 Jan. 1987, plaaslike owerheidsgebied Vereeniging, s.a.; R.L. Leigh, *Vereeniging - South Africa...*, p. 92.

[72] Vgl. kaart 5.1.

[73] VS, Straatkaart van Vereeniging, 1987 {snit geneem vir kaart 6.6, p. 164-keersy}.

[74] TCV, File 94/6, vol. 1, Sept. 1942 - Oct. 1947: Extract from the agenda of the Town Planning Committee, 09.12.1947; vgl. kaart 6.6.

Enkele dae voor die totstandkoming van Leeuhof bespreek was, was daar oor die oprigting van 'n skool in die direkte omgewing besin.[75] Hierdie skool het later die eerste hoërskool van die dorp geword. Hoërskool Vereeniging was aangrensend tot die noordelike grens van die aanvanklike dorpsgebied geleë, met die voorstad Leeuhof direk wes daarvan.[76]

Behuising in Leeuhof was bedoel om persone tot voordeel te strek wat teen 1947 'n maandelikse inkomste van tussen £25 en £35 verdien het. Behuising, wat tot in daardie stadium deur die raad voorsien is, was nie vir mense van hierdie middel-inkomstegroep bekostigbaar nie. Derhalwe was huise met fondse van die Nasionale Behuisings- en Beplanningskommissie opgerig.[77] Leeuhof was in 211 erwe verdeel waarvan 182 teen 1987 ten volle benut was. 'n Woonstelblok met tien eenhede is ook opgerig.[78] Verskeie huise in hierdie voorstad was hoofsaaklik uit asbes vervaardig.[79] Leeuhof was eers in Augustus 1959 as voorstad van Vereeniging geproklameer.[80] Die oop stukke grond tussen Leeuhof en Roodstuine en noord van Sharpeville, het ideale toekomstige vestigingsmoontlikhede gebied, veral vir industriële doeleindes vanweë die spoorlyn wat aangelê was.[81]

---

[75] TCV, File 94/6, vol. 1, Sept. 1942 - Oct. 1947: Extract from the agenda of the Town Planning Committee, 02.12.1947.

[76] TCV, File 94/6, vol. 1, Sept. 1942 - Oct. 1947: Extract from the agenda of the Town Planning Committee, 11.12.1947; TCV, File 94/6, vol. 1, Sept. 1942 - Oct. 1947: Map T 1150 {kaart met die ligging van die skool}; vgl. kaart 6.6.

[77] TCV, File 94/6, vol. 1, Sept. 1942 - Oct. 1947: Minutes, Town Council meeting, 1107.1947; TCV, File 94/6, vol. 1, Sept. 1942 - Oct. 1947: Report {Details on Leeuwkuil Township}, Council - National Housing and Planning Committee, s.a.; TCV, File 94/6, vol. 1, Sept. 1942 - Oct. 1947: Minutes, Town Council meeting, 27.11.1947.

[78] SV, Lêer 171/5, vol. 6, Aug. 1979 - Feb. 1988: Opgawe van wooneenhede en beraamde bevolkingsgetalle soos op 1 Jan. 1987, plaaslike owerheidsgebied Vereeniging, s.a.

[79] L.C.M. Willemse, Onderhoud, 10.09.1986 {Inwoner van Vereeniging vir meer as 25 jaar, inligting in besit van skrywer}.

[80] Vgl. tabel 5.1.

[81] Vgl. kaarte 5.1 en 6.6.

## 6.3 Vereeniging se posisie in die Vaaldriehoek

In 'n poging om die streek se ekonomiese funksie uit te brei, het die stadsraad vanaf 1950 hard gepoog om die Nasionale Party-regering te oorreed om 'n industrie wat olie uit steenkool vervaardig in die omgewing op te rig.[82] Dit het gevolg op gerugte dat die regering gehuiwer het om 'n voorgenome olieraffinadery in die distrik Vereeniging, maar wel in Witbank, op te rig.[83] Dr. J.H. Loock, Nasionale Party parlementêre lid vir Vereeniging, het die aangeleentheid met die regering opgeneem.

Volgens hom het baie mense reeds woonerwe aan die oewers van die Vaalrivier aangekoop, in die omgewing waar die olieraffinadery aanvanklik opgerig sou word. Baie werkers en beleggers sou, syns insiens, voordeel uit die onderneming trek. Loock het verder gegaan en onderneem om 'n afvaardiging saam te stel wat met die direksie van SASOL kon onderhandel. Hy het ook uit sy pad gegaan om naburige plaaslike besture daarvan te oortuig om hulself by Vereeniging te skaar. Hierdie projek sou direkte voordele vir die dorpe in die omgewing inhou.[84]

Vanderbijlpark het gunstig op Loock se versoek reageer.[85] Die Vrystaatse dorpe Kroonstad, Vredefort, Koppies, Heilbron, Frankfort, Viljoenskroon en Parys het hulle steun ook by die geledere gevoeg.[86] Vereeniging was in 'n gunstige posisie om 'n ondersteunende rol tot die oliebedryf te speel. Die ander dorpe het duidelik ook derglike moontlikhede raakgesien.[87]

---

[82] TCV, File 100/4, vol. 1, Oct. 1941 - Nov. 1950: Extract from the minutes of the Special and General Purposes Committee, 27.11.1950.

[83] *The Star*, 25.10.1950: Report.

[84] *Rand Daily Mail*, 03.11.1950: Report.

[85] TCV, File 100/4, vol. 1, Oct. 1941 - Nov. 1950: Letter, P.R. Nell {Acting secretary of Vanderbijl Park's Health Committee} - Town Clerk, 10.11.1950.

[86] TCV, File 100/4, vol. 1, Oct. 1941 - Nov. 1950: Notes of a public meeting held on the establishment of an Oil-from-Coal Industry, 08.11.1950.

[87] *Die Transvaler*, 27.10.1950: Berig.

Die vraag is gevra of dit werklik tot industriële voordeel vir Vereeniging sou wees as die olieraffinadery in sy direkte omgewing geleë is. Hierteenoor was gevra of dit nie eerder voornemende beleggers sou weglok, wat dan liewer in die omgewing van die nuwe bedryf wou gaan belê nie.[88] Hierdie vraag was onbeantwoord gelaat. Teen die tyd dat Sasolburg tot stand gekom het, het Vereeniging reeds 'n unieke ekonomiese rol ontwikkel.

Vereeniging het sy historiese voorsprong van gevestigde infrastrukture en ekonomiese potensiaal bo naburige behou. Dorpe soos Vanderbijlpark en Sasolburg het nie dieselfde getalle ondersteunende ondernemings gehuisves nie. Meer inwoners van Vereeniging was in die staal-, yster- en ingenieursbedryf werksaam, vergeleke met naburige Vaaldriehoekse dorpe.[89] Pogings om Vereeniging as integrale deel van die Vaaldriehoek op nywerheidsgebied te bevorder, was ook suksesvol.[90] Vereeniging was in 1956, selfs ná die totstandkoming van Sasolburg, as 'n gevestigde industriële en kommersiële sentrum beskryf.[91] Landbou en mynbou het egter in die onmiddelike omgewing van Vereeniging in belangrikheid afgeneem.

Die Cornelia-myn het tussen 1944 en 1956 ongeveer 37 miljoen ton verkoopbare steenkool geproduseer. Meer as 1½ miljoen ton steenkool is in 1951 alleen ontgin. Nadat ontginning by die Springfield-steenkoolmyn in 1953 gestaak is, het die *New Springfield*- of Grootvleimyn met produksie begin. Laasgenoemde het Klip-kragstasie van steenkool voorsien. Twee bykomende kragstasies het intussen op die Clydesdale-myngebied verrys, aan die Vrystaatse kant van die Vaalrivier. Beide die *Highveld*- en Taaibosch-kragstasies het steenkool van die Clydesdale-myn ontvang. Vir die vervaardiging van olie by SASOL het die ontginning van steenkool by die Sigma-myn gedurende 1954 'n aanvang geneem. Die Sigma- en Clydesdale-steenkoolmyne het meer steenkool gehad om te lewer. Dit het die oprigting van

---

[88] TCV, File 100/4, vol. 1, Oct. 1941 - Nov. 1950: Minutes, Special meeting of the finance and General Purposes Committee, 06.11.1950.

[89] M.F. Drake, The iron and steel, metal and engineering industry..., pp. 126-127, 134-135.

[90] Vgl. Mathey & Greeff {stads- en streeksbeplanners}, Vereeniging struktuurplan..., p. 18.

[91] *Rand Daily Mail*, 07.05.1956: Report.

SASOL in dié gebied moontlik gemaak.[92] Steenkoolontginning het daarna eerder rondom Sasolburg, in die Noord-Vrystaat, toegeneem.[93]

Op die gebied van landbou het Vereeniging steeds goed met ander lanboustreke vergelyk. Landbouaktiwiteite het teen 1957 skaapboerdery, wat meer algemeen as beesboerdery was, asook pluimveeboerdery, vrugteverbouing en die aanplant van gewasse soos mielies op die 750 plase en landboukleinhoewes in die distrik ingesluit. Vereeniging was as een van die toonaangewende landboudistrikte in die voormalige Transvaal gereken alhoewel dit afgeneem het nadat *Vereeniging Estates* minder aktief op dié gebied betrokke was.[94]

In die dorpsgebied het veranderinge ook plaasgevind. Die ou stasiegebou is gesloop wat vir 'n nuwe gebou in 1953 plek gemaak het. Twee jaar later het die ou staalbrug oor die Vaalrivier, wat sedert 1895 in gebruik was, ook in onbruik verval toe 'n nuwe brug gebou is. Die ou brug het steeds 'n pypleiding oor die rivier gedra.[95] In 1959 was 'n nuwe markgebou op 'n deel van die plaas Leeuwkuil, sowat vier kilometer noordwes van die dorpsgebied, in gebruik geneem.[96]

Teen 1960 het Vereeniging 'n gevestigde rol as sekondêre nywerheidsentrum in die lands- en streeksekonomie vervul. Politieke verwikkelinge het 'n bepalende invloed op die uitbouing van gemeenskapsbestuur gehad. Blankes en anderskleurige inwoners was in geen opsig gelykwaardig behandel nie. Vereeniging het 'n blanke stad geword wat 'n leiersposisie in die Vaaldriehoek ingeneem het. Landbou het van karakter verander en 'n kleiner bydrae tot die ekonomiese uitset van Vereeniging gelewer. Mynbou het in die omiddelike omgewing in belangrikheid afgeneem. Vereeniging het 'n sekondêr-belangrike nywerheidreus geword wat

---

[92] P.J. Rossouw & H.N. Visser (reds.), ...*die steenkoolveld Vereeniging-Clydesdale*..., pp. 18, 23, 29, 113-115, 117-118; vgl. kaart 1.3.

[93] Mathey & Greeff {stads- en streeksbeplanners}, Vereeniging struktuurplan..., pp. 33-34.

[94] C. Vermaak, "Know your district - Vereeniging: Where farming...", ..., p. 49

[95] R.C. de Jongh, et al., ...*The buildings, steam engines and structures of the Netherlands South African Railway Company*..., pp. 170,175.

[96] Anon., "New market hall at Vereeniging", *Construction in South Africa*, vol. 4, no. 7, Oct. 1959, p. 39.

verskeie voorstedelike uitbreidings tot gevolg gehad het. Die mense in en om *Vereeniging* het 'n fabrieksgeoriënteerde leefwyse aangeneem.